


# NUUSBULLETIN

**SEPTEMBER 2023**

# NEWS BULLETIN

**SEPTEMBER 2023**

## INHOUD

Klik op titel om na artikel te gaan.

1. Maandelikse Praatjie.
2. U3A Stilbaai Groepe.
3. Wat is U3A?
4. Nuwe Jagersbosch Algemene Bestuurder.
5. Historiese Bergpasse Uitstappie.
6. Jagersbosch Lekkkersing-Liedjie Aand.
7. Stilbaai Fynbosfees.
8. Ledesake.
9. 2023 Maandelikse Praatjies program.

## CONTENTS

Click on title to go to article.

1. Monthly Talk.
2. U3A Stilbaai Groups.
3. What is U3A?
4. New Jagersbosch General Manager.
5. Historical Mountain Passes Outing.
6. Jagersbosch Sing-along Evening.
7. Stilbaai Fynbos Festival.
8. Membership business.
9. 2023 Monthly Talks programme.

**1**

## MAANDELIKSE PRAATJIE

**Maandag 25 September 2023 @ 10:00**
**Die Waenhuis, Jagersbosch**

### DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN BERGPASSE IN DIE SUID-KAAP

**Niel van Wyk**

Die Suid-Kaap is afgesny van die res van Afrika deur twee bergreekse, maar vandag is daar bergpasse wat ons oor hierdie berge neem. Terwyl u deur die pas ry en die wonderlike uitsigte geniet, het u ooit gewonder hoe hierdie passe tot stand gekom het, hoekom is die pas op hierdie spesifieke plek en nie deur 'n kloof verder oos of verder wes nie?

'n Totaal van 20 bergpasse het die berge van die Suid-Kaap gekruis, tussen Montague in die weste en Plettenbergbaai in die ooste, met die Swartberge as die noordelike grens. Vandag is 15 van hierdie passe nog in gebruik as openbare paaie

Die praatjie is nie 'n reisverhaal wat die passe beskryf nie, maar 'n bespreking van hoe hulle ontstaan het en hoe geskiedkundige gebeure in die Kaap hul ontwikkeling beïnvloed het om deel te vorm van ons hedendaagse vervoer roetes.

Die vroeë ontwikkeling van die passe word in algemene terme bespreek, en dan die invloede van

## MONTHLY MEETING

**Monday 25 September 2023 @ 10:00**
**Die Waenhuis, Jagersbosch**

### THE ORIGIN AND DEVELOPMENT OF MOUNTAIN PASSES IN THE SOUTHERN CAPE

**Niel van Wyk**

The Southern Cape is cut off from the rest of Africa by two mountain ranges, but today several mountain passes takes us across these mountains. While driving through the pass enjoying magnificent scenery, have you ever wondered how these passes came into being, why is the pass at this specific site and not through a kloof further east or further west?

A total of 20 mountain passes crosses the mountains of the southern Cape, the area between Montague in the west and Plettenberg Bay in the east, with the Swartberg as the northern boundary. Today 15 of these are still in use as public roads.

The talk is not a travelogue describing these passes, but a discussion of how they originated and how historical events at the Cape influenced their development to form part of our modern-day transport routes.

die Hollandse Oos-Indiese Maatskappy (VOC) en die plaaslike Khoekhoen stamme op hul gebruik en ontwikkeling. Oor die jare het twee tipe passe ontwikkel, dié wat dierepaadjies gebruik het, en passe wat gebou is. Die praatjie eindig met 'n lys van die 20 passe.

---

Niel van Wyk is in Riversdal gebore waar hy matrikuleer. Hy het by Rhodes Universiteit studeer waar hy grade in Dierkunde, Insektekunde en Viskunde toegeken is; daarna werksaam by Kaap Provinsiale Natuurbewaring vir byna 30 jaar. In die tyd het hy ook 'n Honneurs graad in Publieke Administrasie by Universiteit Stellenbosch se Bestuurskool verwerf. Na 30 jaar verblyf in Kaapstad, trek hy na Stilbaai, sy ou tuisomgewing, in 2014 om 'n meer rustige lewe te geniet.

Alhoewel Niel 'n omgewingswetenskaplike is, het hy 'n lewenslange belangstelling in die geskiedenis van die Hessequa omgewing. Die Van Wyk familie het 'n prominente rol gespeel in die vroeë ontwikkeling van Riversdal en Stilbaai, en Niel het 'n familieregister van die Riversdal tak van die Van Wyks opgestel. Hy het ook die geskiedenis van 'n plaas wat in sy familie was vir ongeveer 130 jaar nagevors, dit is Plattekloof, die oudste plaas in die Riversdal distrik.

Plattekloof plaas is geleë by die ingang na 'n historiese belangrik bergpas oor die Langeberg, die Plattekloof-pas; in sy navorsing van die geskiedenis van die plaas, vind hy dat dit nouliks verbind is met die fassinerende geskiedenis van hierdie pas. Dit het gelei tot navorsing oor die oorsprong van bergpasse en hul gebruik en ontwikkeling in die Langeberge, Outenquas en Swartberge.

---

Niel se PowerPoint is in Engels en hy praat Afrikaans en Engels.

Ons weet dit is 'n openbare vakansie dag, maar dit het in die verlede nie bywoning affekteer nie - elke jaar val ons September praatjie op hierdie dag.

---

Hierdie praatjie is 'n MOET vir diegene wat op die Historiese Bergpasse uitstappie gaan.

The early origins of the passes are discussed in general terms, then the impacts of the Dutch East India Company (VOC) and the local Khoekhoen tribes on their use and development. Over the years two types of passes developed, those using animal trails and those that were constructed. The talk ends with a listing of the 20 mountain passes.

---

Niel van Wyk was born in Riversdale where he matriculated. He attended Rhodes Univiersity obtaining degrees in Zoology, Entomology and Ichthyology; subsequently working for Cape Provincial Nature Conservation for nearly 30 years. During this time he also obtained an Honours degree in Public Administration at the University of Stellenbosch Business School. After living in Cape Town for 30 years, he moved to Stilbaai, his old home territory, in 2014 to enjoy a more relaxing lifestyle.

Although Niel is an environmental scientist, he has a lifelong interest in the history of the Hessequa area. The Van Wyk family played a prominent role in the early development of Riversdale and Stilbaai, and Niel compiled a family register of the Riversdale branch of the Van Wyks. He has also researched the history of a farm that was in his family for about 130 years, this is Plattekloof, the oldest farm in the Riversdale district.

Plattekloof farm lies at the entrance to an historically important mountain pass across the Langeberg, the Plattekloof Pass; in his research on the history of the farm, he found this closely intertwined with the fascinating history of this pass. This lead to research into the origin of mountain passes and their use and development in the Langeberg, Outeniqua and Swartberg mountains.

---

Niel's PowerPoint is in English, his talk will be in Afrikaans and English.

We know this is a public holiday, but this has not affected attendance in the past - every year our September talk is on this day.

---

This talk is a MUST for those going on the Historic Mountain Passes Outing.

---

## 2

### U3A STILBAAI GROEPE

U3A Stilbaai het verskeie groepe wat aktiwiteite slegs vir lede aanbied. Meer inligting oor die groep aktiwiteite is op ons webtuiste: www.u3astilbaai.org.

Onthou asseblief dat die minimum koste vir deelname aan groep aktiwiteite is R5 per vergadering of

### U3A STILBAAI GROUPS

U3A Stilbaai has several groups offering activities to members only. More information about the group activities are on our website: www.u3astilbaai.org.

Please remember that the minimum cost of participating in any of the groups, is R5 per meeting or

uitstappie. R4 hiervan kan vir groep uitgawes aangewend word en word opgeskryf in 'n groepfonds, R1 gaan na algemene U3A fondse. (Nota: alle groepe het nie spesiale fondse nie, hul groepfooie gaan na U3A fondse).

- **Aandele Groep**: Die aandele groep hou gereeld samesprekings waar idees oor die aandelemark uitgeruil word. Kontak Deon Grobler by deongrob123@gmail.com indien u wil aansluit.
- **Astronomie groep**: As u by die groep wil aansluit, kontak Deon by begemannd@gmail.com. Lees meer oor die groep op www.u3astilbaai.org /astronomy.
- **Botaniese Uitstappies**: Hierdie groep bestudeer interessante inheemse plante op uitstappies in die veld. Kontak vir Christina by stilbaai6674@gmail.com as u belangstel.
- **Fotografie Groep**: Enige lid wat belangstel om by die groep aan te sluit kan Richard by rwebb01@gmail.com kontak. Meer inligting op www.u3astilbaai.org/photography.
- **Kunsmatige Intelligensie (KI) Verbruikersgroep**: Kontak Brian by btennett@gmail.com as julle belangstel in hierdie nuutgestigde groep.
- **Neurowetenskap Groep**: Kontak Jenni by jennisharkey@gmail.com indien u by die groep en/of die Zoom praatjies wil aansluit. Lees oor die groep op www.u3astilbaai.org /neuroscience.
- **Stapgroep**: Die groep stap normaalweg op Vrydag oggende. As u by die groep wil aansluit, kontak Karl-Heinz by karl-heinz@wispernet.co.za. Inligting oor die groep is op www.u3astilbaai.org/hiking.
- **Voëlgroep**: Die Voëlgroep betrek mense wat belangstel in voëls, en koōrdineer ook die SABAP2 projek in Hessequa. Kontak Krysia by krysiastenvert@gmail.com indien u belangstel om by die groep aan te sluit. Meer inligting is op www.u3astilbaai.org/birdgroup.

outing. R4 of this is used for group expenses and is recorded in the group's special fund, R1 goes to general U3A funds. (Note: not all groups have special funds, their group fees goes into U3A funds).

- **Artificial Intelligence (AI) User Group**: Contact Brian at btennett@gmail.com if you want to join this new group
- **Astronomy Group**: If you are interested in joining the group, contact Deon at begemannd@gmail.com Read about the group on www.u3astilbaai.org /astronomy.
- **Bird Group:** The Bird Group involves people interested in birds, as well as co-ordinating the SABAP2 project in Hessequa. Contact Krysia at krysiastenvert@gmail.com if you are interested in joining the group. More information is available on www.u3astilbaai.org/birdgroup.
- **Botanical Walks**: This group studies interesting indigenous plants during walks in the veld. Please contact Christina at stilbaai6674@gmail.com if you are interested.
- **Hiking Group**: The group normally hikes on Friday mornings. If you want to join the group, contact Karl-Heinz at karl-heinz@wispernet.co.za. Information about the group is on www.u3astilbaai.org/hiking.
- **Neuroscience Group**: Please contact Jenni at jennisharkey@gmail.com if you are interested joining the group and/or the Zoom talks. Read more on www.u3astilbaai.org/neuroscience.
- **Photography Group**: Any member interested in joining the group can contact Richard at rwebb01@gmail.com. More information on www.u3astilbaai.org/photography.
- **Shares Group**: The share group holds regular discussions sharing ideas on the share market. Contact Deon Grobler at deongrob123@gmail.com.

---

# 3

## WAT IS U3A?

Die Universiteit van die Derde Era is 'n internasionale beweging met doelwitte om die lewenskwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes te verbeter, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrig-programme en die sosiale kontakte wat daarmee gepaard gaan. Dit is gemik op mense in die derde 'era' van hul lewe, en word algemeen na verwys as U3A (van die Franse en Engelse akroniem).

Daar is geen enkele aanvaarde model vir U3A nie. Die oorspronklike konsep in Frankryk as 'n buitemuurse aktiwiteit van 'n universiteit, is in Brittanje noemenswaardig verander waar dit erken is dat

## WHAT IS U3A?

The University of the Third Age is an international movement whose aims are to improve the quality of life of people of mature age, especially retirees, and encourages the maintenance of intellectual capacity through stimulating programmes of learning and teaching and the social contacts derived therefrom. It is aimed at people in the third 'age' of life, and is commonly referred to as U3A (the French and English acronym).

There is no single universally accepted model for U3A. Its original conception in France as an extramural university activity was significantly modified in the Britain where it was recognized that most people of

meeste mense van aftree ouderdom iets het om by te dra en die beklemtoning is op deelname, sonder formele skakeling met tradisonele universiteite.

Baie Engels-sprekende lande het hierdie deelnemende model gevolg, terwyl kontinentale Europa meestal die Franse model volg.

U3A lidmaatskap is nie verbonde aan 'n spesifieke ouderdom nie, maar weerspieël 'n tydperk van aftrede en rus in 'n mens se lewe; die eerste era is die tyd van groei en leer, die tweede era is van voltydse werk en verantwoordelikheid as ouers. Enige persoon in hul derde era kan aansluit, en dit sluit in mense wat deeltyds werk. Daar is geen minimum ouderdom vir lede nie.

Ons moet beklemtoon dat U3A nie ‛n enkele organisasie is met ‛n sentrale beheer en takke nie – dit is ‛n internasionale beweging en elke U3A is ‛n onafhanklike eenheid wat voldoen aan die doelwitte en vereistes van die beweging.

retirement age have something to contribute and the emphasis has been on sharing, without formal links to traditional universities.

Many English-speaking countries have followed this sharing model, whereas continental European countries have mostly followed the French model.

U3A membership is not related to a specific age but to the period of retirement and rest in one's life (the third age); the first age is growing up and learning, and the second age is full-time employment and parental responsibility. Anybody in their third age can join U3A and this includes people who are working part-time. There is no lower age for membership.

It must be emphasized that U3A is not an organisation with central control and branches – it is an international movememt and each U3A is an independent entity conforming to the objectives and requirements of the movement.

---

## Internasionaal

U3A is in 1973 in Toulouse, Frankryk, begin deur Prof Pierre Vella van die Fakulteit van Sosiale Wetenskappe as die "Universités du Troisième Âge" (Akroniem: U3A). In Frankryk is elke U3A groep meestal verbonde aan 'n plaaslike universiteit. Hierdie akademiese model word in sommige ander lande, veral in kontinentale Europa, gevolg.

In die vroeë 1980's het die beweging Brittanje bereik, en daar is die formaat drasties verander om die vaardighede en kennis van afgetrede mense te benut. Hierdie model word ook in Australië, Nieu Zeeland, Suid Afrika, en baie ander lande gebruik.

Die Britse model van groeps opvoeding erken dat afgetrede persone lewenslange ondervinding het, en gesamentlik 'n geweldige bron van kennis het wat hulle met ander kan deel.

## International

U3A was started in France by Prof. Pierre Vella at the Faculty of Social Sciences in Toulouse, France, in 1973 as the "Universités du Troisième Âge" or "University of the Third Age" (Acronym: U3A). In France, each U3A group is mostly associated with a local university. This academic model is used in several other countries, in particular in continental Europe.

By the early 1980's, the movement reached Britain, where its nature was radically changed to utilize the experience and knowledge of retired persons. This model is also used in Australia, New Zealand, South Africa, and many other countries.

In the British model of peer learning, it is acknowledged that retired people have a lifetime of experience and, collectively, a vast amount of knowledge that they can share with others.

---

## Suid-Afrika

Die eerste U3A in Suid-Afrika was U3A Kaapstad wat in 2000 gestig is - vandag is daar meer as 40 U3A's in Suid-Afrika. Daar is huidiglik geen akkurate ledetal syfer vir Suid-Afrika nie, maar dit word geskat op tussen 12 000 en 15 000.

## South Africa

The first U3A in South Africa was U3A Cape Town established in 2000 - today there are more than 40 U3A's in South Africa. There is no accurate figure for the current total membership in South Africa, but it is estimated to be between 12 000 and 15 000.

---

## Stilbaai

U3A Stilbaai is in Mei 2015 deur Stefan Pretorius begin, hy het na Stilbaai verhuis van Kaapstad waar hy betrokke was by U3A Valsbaai en U3A Kaapstad.

'n Tussentydse bestuurskomitee is saamgestel met die doel om te bepaal of U3A Stilbaai lewensvatbaar sal wees. Dit was toe verwag dat die ledetal ongeveer 40 sal wees. Met die eerste vergadering het ongeveer 20 mense aangesluit, en dit het gegroei tot meer as 130 'n jaar later.

## Stilbaai

In May 2015 Stefan Pretorius, who had moved to Stilbaai from Cape Town where he had been involved with U3A False Bay and U3A Cape Town, started U3A Stilbaai.

An interim management committee was set up with the objective to determine whether U3A Stilbaai would be a viable organisation. It was expected that membership would be about 40. At the first meeting about 20 people joined up, and this grew to more than 130 members a year later.

U3A Stilbaai is dus duidelik lewensvatbaar, en 'n grondwet is opgestel voor die Stigtingsvergadering op 25 Julie 2016. By die Stigtingsvergaderig is die grondwet aanvaar, en 'n bestuurskomitee is verkies.

Huidiglik is daar 386 lede in U3A Stilbaai.

Obviously U3A Stilbaai was a viable organisation, and a constitution was drawn up before the Inaugural Meeting on 25 July 2016. At the Inaugural Meeting the constitution was accepted, and a management committee was elected.

Currently U3A Stilbaai has 386 members.

---

**4**

## NUWE ALGEMENE BESTUURDER VIR JAGERSBOSCH

Jagersbosch het ‘n nuwe Algemene Bestuurder, Wessel Linström.

Wessel doen vir 16 jaar diens in die Suid Afrikaanse Polisie en verlaat die Mag in Februarie 1997 as ‘n Majoor in Logistieke Dienste. Hy is in Maart 1997 aangestel as Hoof van die Kantoor van die Provinsiale Tenderraad in die Noord-Kaap Provinsie.

In Oktober 1997 word hy aangestel in die pos van Direkteur: Korporatiewe Dienste, Department van Gesondheid en Welsyn in die Vrystaat Provinsie. In 2000 is hy bevorder na Hoofdirekteur in die Departement van Welsyn in die Vrystaat Provinsie, verantwoordelik vir NROs en inrigtings (plekke van veiilgheid vir kinders, fasiliteite vir Ouer Persone, Nywerheidskole asook die eerste Provinsie om ‘n fasiliteit te bou vir Jeug in konflik met die Wet).

Vanaf Oktober 2012 tot September 2013 het Wessel waargeneem as Hoof van die Departement van Welsyn in die Vrystaat Provinsie, waarna hy weer my pligte soos bogenoem verrig het tot Junie 2018, toe hy vervroegde aftrede neem en verhuis na Stilbaai.

U3A Stilbaai wens Wessel geluk met sy aanstelling, ons is seker dat onder sy bestuur ons steeds die goeie verhouding wat ons met Jagerbosch geniet kan voort sit.

## NEW GENERAL MANAGER FOR JAGERSBOSCH

Jagersbosch has a new Geneal Manager, Wessel Lindström.

Wessel served in the South African Police for 16 years and left the Force in February 1997 as a Major in Logistical Services. In March 1997 he is appointed as Head of the Office of the Provincial Tender Board in the Northern Cape Province.

In October 1997 he was appointed to the post of Director: Corporate Services, Department of Health and Welfare in the Free State Province. In 2000 he is promoted to Chief Director in the Department of Welfare in the Free State, responsible for NGOs and institutions (places of safety for children, facilities for Older Persons, Industrial schools as well as the first Province to build a facility for youth in conflict with the Law).

From October 2012 to September 20.13 Wessel acted as Head of the Department of Welfare in the Free State, after which he resumed his duties as described above until June 2018 when he tdook early retirement and moved to Stilbaai.

U3A Stilbaai congratulates Wessel on his appointment, we are sure that under his management we will continue enjoying the good relationship we have with Jagersbosch.

---

**5**

## HISTORIESE BERGPASSE UITSTAPPIE

Ons het Woensdag 13 September die eerste groep op die Historiese Bergpasse Uitstappie geneem. Dit was ‘n heerlike dag en almal het die rit geniet, ten spyte van ‘n windjie wat soms onplesierig was. Saam met hierdie groep het 65 van ons lede a hul name ingedien vir die uitstappie, besprekings is nie gesluit nie en julle is nog welkom om te bespreek.

Die reëling is dat ons ‘n maksimum van 5 voertuie (d.w.s. maksimum 20 mense) op ‘n rit neem, die plekke waar ons stop kan nie meer voertuie akkommodeer nie. Die volgende rit is op 27 September, maar dié is reeds vol. Verdere ritte is beplan vir 11 Oktober, 25 Oktober en 8 November; ons hou ook 15 en 22 November oop indien baie meer

## HISTORICAL MOUNTAIN PASSES OUTING

Ons wil diegene wat reeds bespreek het, en dié wat nog belangstel, sterk aanbeveel om die praatjie oor bergpasse op Maandag 25 September by te woon. Die praatjie gee agtergrond inligting wat die uitstappie net meer interessant sal maak.

The arrangement is that we take a maximum of 5 vehicles (i.e. maximum 20 persons) on a trip, the places we stop can not accommodate more vehicles. The next trip is on 27 September, but that is already full. Trips are planned for 11 October, 25 October and 8 November; we are also keeping 15 and 22 November open in case lots more people book. Each trip is of course dependent on good weather conditions.

mense bespreek. Elke rit is natuurlik afhanklik van goeie weersomstandighede.

Ons wil diegene wat reeds bespreek het, en dié wat nog belangstel, sterk aanbeveel om die praatjie oor bergpasse op Maandag 25 September by te woon. Die praatjie gee agtergrond inligting wat die uitstappie net meer interessant sal maak.

Kontak ons op info@u3astilbaai.org.

We strongly recommend that those who have already booked, and those that are still interested, attend the talk on mountain passes on Monday 25 September. The talk provides background information that will only make the outing more interesting.

Contact us on info@u3astilbaai.org.

## 6

### JAGERSBOSCH LEKKERSING-LIEDJIE AAND

Jagersbosch bied op Woensdag 20 September 2023 'n Lekkersing-Liedjie Aand aan. Besprekings het al op 13 September gesluit, maar daar is nog plek as julle vinnig inspring. Kom geniet Afrikaanse en Engelse Golden Oldies.

- Woensdag 20 September in Die Waenhuis.
- 17:30 - 18:00: Kêrrie en rys te koop.
- 18:00 - 19:30: Saamsing.
- Gratis toegang.
- Bespreek by 028 754 1934.

### JAGERSBOSCH SING-ALONG EVENING

Jagersbosch presents Sing-Along Evening on Wednesday 20 September 2023. Bookings closed on 13 September, but they still have space if you jump in quickly. Come and enjoy Afrikaans and English Golden Oldies.

- Wednesday 20 September in Die Waenhuis.
- 17:30 - 18:00: Curry and rice on sale.
- 18:00 - 19:30: Sing-along.
- No charge for attendance.
- Book at 028 754 1934.

## 7

### STILBAAI FYNBOSFEES

Die Tuin-op-die-Brak komitee, Stilbaai Toerisme en Hessequa Munisipaliteit bied van 29 September tot 7 Oktober 2023 Stilbaai se eerste Fynbos Fees aan. Die feesprogram is baie interessant en bied iets aan wat almal sal belangstel. Inligting oor die fees is op die Tuin-op-die-Brak se Facebook blad.

Kontak Sonja Kleinhans op fynbosfees@gmail.com vir inligting oor die program en vir besprekings. Julle kan ook Sonja op 082 856 9690 skakel.

### STILBAAI FYNBOS FESTIVAL

The Tuin-op-die-Brak committee, Stilbaai Tourism and Hessequa Municipality presents Stilbaai's first Fynbos Festival from 29 September to 7 October 2023. The festival programme is very interesting and offers something for everybody. Information about the festival is on Tuin-op-die-Brak's Facebook page.

Contact Sonja Kleinhans at fynbosfees@gmail.com for information about the programme and for reservations. You can also contact Sonja on 082 856 9690.

## 8

### LEDESAKE

Twee nuwe lede het onlangs by U3A Stilbaai aangesluit, maar ons het geen kontakdetails vir hulle nie – ons het hul name van ons bankstaat gekry. As enige van julle hulle ken, vra hulle asseblief om ons te kontak op info@u3astilbaai.org. Hulle is:

- Danel Herbert
- Julean Müller

### MEMBERSHIP BUSINESS

Two new members recently joined U3A Stilbaai, but we have no contact details for them – we only have their names from our bank statements. If any of you know them, please ask them to contact us at info@u3astilbaai.org. They are:

- Danel Herbert
- Julean Müller

## 9

### 2023 MAANDELIKSE PRAATJIES

Die voorlopige program vir praatjies tot die einde van die jaar is as volg (hierdie program kan dalk verander op kort kennisgewing):

Okt 30: Willie van Staden: "Die merkwaardige lewe van Adam Small en sy stryd om erkenning."

Nov 27: Anton van Eeden: "Die aarde en sterre - feite en flaters"

Daar is nie 'n maandelikse vergadering in Desember nie.

### 2023 MONTHLY TALKS

The provisional programme for talks till the end of the year is as follows (this program could change at short notice):

Oct 30: Willie van Staden: "The amazing life of Adam Small and his fight for recognition."

Nov 27: Anton van Eeden: "Earth and the stars – facts and fallacies"

There is no monthly meeting in December.

©2023. U3A Stilbaai. www.u3astilbaai.org; info@u3astilbaai.org.